HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Met die kwartaal wat reeds in volle swang is, vertrou ons dat die Akademiese verpligtinge van leerders as prioriteit beskou word. Ouers moet hulself vergewis van toetsroosters en ander take wat betyds ingehandig moet word.

By ‘n onlangse geleentheid waar die top akademiese skole bymekaar gekom het, is ‘n paar interessante feite weergelê:

- 6878 Suid-Afrikaanse skole het die NSS-eksamen in 2018 afgelê.
- Slegs 543 (7.9%) het 100% slaagsyfer behaal.
- In die Vrystaat het (17.3%) van die 329 skole 100% slaagsyfer behaal.

ATLETIEK

Baie sterkte aan al ons atlete wat Saterdag, 2 Februarie 2019, aan die Sone-atletiekbyeenkoms by Mangaung Stadion deelneem.

KRIEKET

Die 2de krieketspan wen Staatspresident Swart se eerstespan met 15 lopies.

Sterkte aan die 1ste span met Saterdag se krieketwedstyd teen’n toerspan van Hopetown.

Die o/15B krieketspan wen JF met 3 paaltjies.

Die o/15C krieketspan wen President Steyn se o/15A span met 9 paaltjies.

FIETSRY

Baie geluk aan die volgende leerders wat Saterdag aan die Fichies-fietswedren deelgeneem het.

20km wedren:	1ste – Hanno van Zyl
	5de – Hanro Pienaar
	11de – Soné Griessel
60km wedren:	2de – Gerhard Alberts
	14de – Ryan Booth
	18de – Marcus Maree
	42ste – Janco van der Merwe
	37ste – Zane van Niekerk

SPORTDAG

Ons herinner ouers vroegtydig aan die Sportdag van die 1ste en 2de Maart. Die sukses van die dag berus op die ouers se hulp en betrokkenheid. Daar sal binnekort ouervergaderings plaasvind om solank met die nodige reëlings te begin.

SPORTOEFENING

Ons vra ouers se ondersteuning om leerders aan te moedig om sportoefeninge by te woon.

REGLEMENT VAN DIE SPORT- EN KULTUURPRYSUITDELING

Daar is sekere veranderings by die reglement van die sport- en kultuurprysuitdeling.

Hierdie dokument is op aanvraag beskikbaar by die skool.

SKOLE WAT PRESTEER BYLAAG

Op 31 Januarie verskyn ‘n bylaag in die Volksblad oor presterende skole. Ons hoop van harte dat ouers saam met ons hierdie berig met trots gelees het.

FICHIE-TV

Fichie-TV neem verskillende gebeure by Hoërskool Fichardtpark af. Die leerders is onlangs ingelig oor hoe om te registreer.

SKIET

Die eerste prysskietliga vind die naweek by Hoërskool Fichardpark plaas. Sterkte met al die reëlings en aan al die skuts.

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE:

'n Nuwe stemboodskap is op die skool se telefoonstelsel beskikbaar. Luister asseblief mooi na die opsies.

Rig alle navrae aan die tersaaklike rolspelers via e-pos.

Ontvangs en afwesighede (Joey van Ronge): ontvangs@fpark.co.za
Algemene navrae (Angie van der Merwe): fichpos@fpark.co.za
Boekestoor / afrolkamer (Gerda Muller): rekeninge@fpark.co.za
Krediteure (Elizabeth Gouws): finans@fpark.co.za
Debiteure (Zelda Ackerman): skoolgeld@fpark.co.za
Bemarking / Werwing (Jacques de Kock): bemarking@fpark.co.za
Sport (Mnr Abrie Myburgh): sport@fpark.co.za

TOETSROOSTER

VOLG

FICHIE-GROETE

Hoërskool Fichardtpark Toetsrooster - 1ste Kwartaal 2019

Datum	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Vrydag 8 Februarie	WISK	WISK	LEW	LEW	LEW
Woensdag 13 Februarie	ENG (Control Test)	ENG (Control Test)	ENG (Essay)	ENG (Longer Transactional)	ENG (Longer Transactional)
Dinsdag 19 Februarie	EBW	EBW	RTT TEORIE	RTT & IT TEORIE	RTT & IT TEORIE
Donderdag 21 Februarie	LO	Meld aan by Registerklas	WISK & WIG	WISK & WIG	WISK & WIG
Maandag 25 FEBR	Meld aan by Registerklas	Meld aan by Registerklas	AFR	AFR	VBS

Let Wel: Die toetse sal in die eerste uur van die skooldag, op bogenoemde dae, afgelê word waarna die gewone akademiese program gevolg sal word. Al die vakke is nie in hierdie toetsrooster ingesluit nie en datums hiervoor sal deur die vakpersoneel met jou gereël word.